

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 24

26 Julie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Tian Blom in graad 1S en sy familie met die heengaan van sy oupa verlede naweek. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

KULTUURAAND SAAM MET NATASHA JOUBERT: FOTO'S
Foto's van die Kultuuraand (kooroptrede saam met Natasha Joubert) is beskikbaar en kan steeds op die skool se skootrekenaar in die voorportaal besigtig word. Bestelvorms sal langs die rekenaar geplaas word en u kan die bestelvorm saam met die kontant by Mev. Laas inhandig op die laatste teen Maandag, 5 Augustus wat die sluitingsdatum vir bestellings is. Ons wil u aanmoedig om gerus 'n draai te kom maak om hierdie pragtige foto's te kom besigtig en u bestelvorm in te vul.

GRAAD R : SKOOLGEREEDHEIDSPRAATJIE : DINSDAG 30 JULIE 2019
Heléne Ehlers, arbeidsterapeut sal op Dinsdag, 30 Julie om 17h00 'n praatjie in ons skoolsaal vir ouers aanbied. Die praatjie: "Speel-speel skoolgereed" sal inligting deurgee oor wat om te verwag in graad 1, sowel as praktiese riglyne oor hoe om jou kind se ontwikkeling in graad R te stimuleer om hul met skoolgereedheid te help.

KULTUURAAND: WOENSDAG 31 JULIE 2019
Ons Kultuuraand sal op Woensdag, 31 Julie om 18:30 in die skoolsaal plaasvind. Albei kore tree op asook die beste voordrag-en musiekitems. Toegang is R10, by die deure.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
2 Augustus is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was sover elke kwartaal baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal weer 'n hele rits paartjies op die "baan" te verwelkom.

MTR-SMIT KINDERHUIS SKENKINGS
Ons wil ons opregte dank betuig aan elkeen wat iets vir die MTR-Smit kinderhuis geskenk het. Daar is nog kans tot eerskomende Vrydag, 2 Augustus, as u iets sou wou skenk. Dit is so lekker om te kan help, waar daar werklik nood is.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar 'n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.
Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Hoe meer jy hou van wat jy doen, hoe suksesvoller sal jy daarin wees.
Jerry Gillies

Erken wanneer jy 'n fout gemaak het: leer daaruit en moet dit nie herhaal nie.
Bear Bryant

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 29 Julie	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** "Trolley dash" trekking tydens saalbyeenkoms Netbal: 0/13A teen Môrewag **14:30 (w)** Netbal: 0/12A teen Môrewag **14:30 (t)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Di – 30 Julie	:	Tennis: Charlo A teen LNP snr A (w) Tennis: LNP snr B teen Herbert Hurd B (t) Tennis: Clarendon Park teen LNP jnr A (w) Tennis: LNP jnr B teen Mount Pleasant A (t) Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15** Graad R-skoolgereedheidspraatjie: 17:00 deur arbeidsterapeut, Helene Ehlers
Wo – 31 Julie	:	**Wetenskap Expo** Klerewinkel: **12:00 – 14:30** Rugby: 0/13A teen Walmer-Wes **15:15 (t)** Rugby: 0/11A teen Kabegapark **14:30 (t)** Rugby: 0/9A teen Summerwood **14:30 (w)** **Kultuuraand**
Do – 1 Augustus	:	**Wetenskap Expo** Netheidsinspeksie Dance Kids-ballet graad R: **13:15** Netbal: 0/10A teen Môrewag **14:30 (t)** Netbal: 0/11A teen Môrewag **14:30 (w)** Netbal: 0/9A teen Môrewag **14:30 (w)**
Vr – 2 Augustus	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Drama graad R – 2: **12:45 – 13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45 – 13:45** Skaak: wedstryd teen Henry Nginza (t) Eko-Newtons
Sa – 3 Augustus	:	Gamtoos winter-sportdag: 0/9A Rugby

SPORT & KULTUUR

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
22 Julie	0/13B	Piet Retief A	LNP wen 8 – 5
24 Julie	0/7C	Mount Pleasant	LNP verloor 2 – 0
24 Julie	0/7D	Mount Pleasant	LNP speel gelykop 0 – 0
25 Julie	0/12B	Piet Retief A	LNP wen 10 – 0
25 Julie	0/11A	Piet Retief	LNP wen 5 – 2
25 Julie	0/10 (gemengde span)	Piet Retief	LNP wen 4 – 0
25 Julie	0/9A	Piet Retief	LNP wen 15 – 0 Speelster van die wedstryd : Elri Smit

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
22 Julie	0/13A	Summerwood	LNP verloor 5 – 53
24 Julie	0/13A	Môrewag	LNP verloor 10 – 32
24 Julie	0/11A	Blouwaterbaai	LNP verloor 0 – 45
24 Julie	0/9A	Rowallanpark	LNP verloor 14 – 22

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
23 Julie	Senior A	Frans Conradie	LNP verloor met 13 potte
23 Julie	Senior B	Theodor Herzl	LNP wen met 9 potte
23 Julie	Junior A	Mount Pleasant	LNP wen met 3 potte
23 Julie	Junior B	Clarendon	LNP verloor met 8 potte

SKAAK

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
19 Julie	LNP Skaakspan	Frans Conradie	LNP verloor 1 – 6

OOS-KAAPSE RITMIESE GIMNASTIEK: DISTRIKSKLEURE

Emma Gough in graad 2R is meegedeel dat sy haar distriks-kleure in ritmiese gimnastiek verwerf het. Sy was ook gekies om haar distrik te verteenwoordig by die jaarlikse “South Zone Challenge” wat op 22 Junie te Jeffereysbaai plaasgevind het.
Baie geluk!